DIE KRAG VAN RITUELE

JOHAN VAN DER MERWE

Dr Johan van der Merwe is predikant
by Stellenbosch Moedergemeente
en bespreek hier die krag van rituele.

'n Student op Stellenbosch pleeg selfmoord.
Die roudiens is by sy ouerhuis in 'n ander provinsie. Twee vriende van die oorledene kom na jou toe en vra of jy vir hulle 'n "seremonie" sal lei wat vir hulle as vriende sal help om "afskeid te neem."

'n Familie kom vra of jy 'n kort "diensie" sal lei vir die plasing van hulle pa en oupa se as in die gedenkmuur by julle kerkgebou.

Op 86 kan tannie Marie nie meer langer in die groot huis aanbly waar sy en haar man hulle getroude lewe saam begin het en waar sy aangebly het na sy dood tien jaar gelede nie. Sy moet ouetehuis toe gaan en dis vir haar traumaties.
Die familie vra by jou raad.

Op 60 tree iemand af na 35 jaar diens by 'n groot instansie. Hy én sy familie besef dit is 'n groot oorgang in sy lewe. Hoe kan hy sy laaste dag op kantoor sinvol afsluit?

Jou getroude dogter, haar man en twee kinders (jou enigste kleinkinders) emigreer Australië toe. Hoe kan julle sin maak van so 'n afskeidstyd?

Hierdie en soortgelyke situasies is deel van ons alledaagse lewe en beland van tyd tot tyd ook op dominees se tafels. Wat doen ons daarmee? Ons natuurlike reaksie is om te preek! Hoewel die gepredikte Woord nie uitgesluit is nie, roep die voorbeelde hierbo duidelik om *meer* as woorde – die behoefte is aan simboliese handelinge, oftewel "rituele". In (i) liturgiese, (ii) pastorale en (iii) familiale kontekste is daar 'n groter wordende behoefte aan rituele *begeleiding*; ons dilemma is dat dit ons nog ontbreek aan rituele *vaardighede*!

HOEKOM IS RITUELE BELANGRIK?

Wat is 'n ritueel? 'n Goeie werksdefinisie is: *'n Ritueel is 'n handeling waarin simbole op so 'n manier hanteer word dat dit mense help om in kernwaardes te anker en hulle aan nuwe waardes vir nuwe tye te verbind.*

RITUELE IS OM VERSKEIE REDES BELANGRIK.

1 ***Eerstens*** is rituele deel van ons Joods-Christelike identiteit en tradisie. Die groot gevaar is juis dat ons rituele sal gebruik enontwerp wat vir mense 'n mistieke ervaring of 'n emosionele katarsis gee, maar wat nie help om te bind aan die heilswerk van Christus en die storie van God met sy kinders nie. Kritiek teen sulke rituele-in-isolasie is geregverdig. In ons geloofskonteks moet rituele ons help om Christus se heilswerk toe te eien en ons aan Hom te verbind. Hiervan is daar geen beter voorbeelde as die doop en die nagmaal nie. As eerste prioriteit behoort ons dus die rykdom van die sakramente te herontdek.

2 ***Tweedens*** is rituele belangrik omdat dit die héle mens in sy of haar vólle sintuiglikheid betrek en nie net verstandelik nie. Rituele sluit hiermee ook aan by die "kyk-en-doen kultuur" van ons tyd.

3 ***Derdens*** is rituele die manier om simbole sinvol te hanteer. Rituele kan "gewone goed" besonders maak. Gewone H_2O is dan doopwater en Kalaharisand kan in die vreemde 'n verankering aan die vaderland wees! Maar simbole is polivalent, dit wil sê verskillende mense en verskillende geleenthede gee verskillende interpretasies aan dieselfde simbole, wat soms verrykend, maar dikwels verwarrend kan wees. 'n Ritueel gee rigting aan die betekenis van 'n simbool.

Ons moet in die rituele hantering van simbole onderskei tussen private en publieke simbole. 'n Voorbeeld verduidelik:

> *'n Laaste familiebyeenkoms vind plaas om die sterfbed van Len, wat Vigs het. 'n Groot houtkruis is die dominante en publieke simbool – publiek omdat dit vir meer mense as simbool betekenis het as net vir hulle. Terwyl elkeen om die beurt aan die kruis raak, sê hulle iets persoonlik vir Len. Len deel dan spesifieke besittings vir elkeen in die familie uit, omdat dit iets van elke verhouding aandui. Laasgenoemde is duidelik private simbole.*

Ons moet uiters bedag wees op onbedoelde interpretasies van 'n ritueel soos in die volgende voorbeelde:

> *Kinders wat tydens belydenisaflegging die hand in die doopwater druk, het die bedoeling om die belydenisaflegging te verbind aan die kind se doop. In 'n sekere gemeente is hierdie gebruik egter fel gekritiseer, as sou dit 'n aandeel aan ons heil simboliseer (ek druk my hand in die water, in plaas daarvan dat die water na my toe kom).*
>
> *Die "afgee van die bruid" by 'n huwelikseremonie deur die pa, sonder 'n ritueel waarin die bruidegom ook "vader en moeder verlaat" kan 'n onbedoelde chauvinisme verskans.*

WAT WIL RITUELE DOEN?

Pat Keifert onderskei tussen twee hooffunksies van 'n ritueel (sien die rituele funksiediagram).

1 Soms wil rituele "bewaar" – dit wil ons help om orde in dreigende chaos te vestig deur ons te anker in ons kernwaardes. Rituele wat wil "bewaar" wil dikwels ook help om identiteit te definieer of te artikuleer, byvoorbeeld deur 'n lewensfase te benoem en die gerusstelling te gee dat dit in orde is om nou in daardie fase te wees.

2 Soms wil rituele eerder "hervorm" – dan wil 'n ritueel dinamies wees en transformasie fasiliteer. Dit vind plaas deur die onderhandeling en toe-eiening van nuwe waardes. Dit kan ook die oorgang na 'n ander lewensfase begelei, dit wil sê identiteit hér-definieer.

Rituele funksiediagram
(aangepas uit Keifert, Welcoming the Stranger)



Vrae om te vra as 'n nuwe ritueel ontwerp word:

- ❑ Was die deelnemers betrokke in die beplanning van die ritueel?
- ❑ Watter gebeure is betrokke (in die verlede of die toekoms)
- ❑ Watter emosies is betrokke?
- ❑ Wat wil die ritueel doen? Waar lê die ritueel dus op die funksie-diagram?
- ❑ Watter simbole gaan gebruik word?
- ❑ Watter simbool is dominant en watter simbole is sekondêr?
- ❑ Watter simbole is publiek en watter is privaat?
- ❑ Hoe sluit die ritueel aan by ons Christelike tradisie?
- ❑ Hoe word die ritueel afgesluit met die oog op heropname in die alledaagse lewe?
- ❑ Is daar 'n duidelike tyd en plek voor afgespreek?
- ❑ Weet almal wat hulle betrokkenheid gaan behels?
- ❑ Is die ritueel eenmalig of herhalend? Indien herhalend, hoe kan herhaling verseker word?
- ❑ Is dit eenvoudig? Onthou: "Less is more!"

DIE ALTAAR AS BYBELSE VOORBEELD VAN RITUEEL EN SIMBOOL

Met die lees van teksgedeeltes waar daar oor die oprig van 'n "altaar" gepraat word, word dit duidelik dat 'n altaar verskillende betekenisse in verskillende rituele kontekste gehad het.

Soms is 'n altaar opgerig in tye van onsekerheid. Dan was die altaar daar omdat die Here vir sy volk beloftes gegee het wat vir hulle hoop gegee het te midde van die onsekerheid en donkerte wat hulle ervaar het. So lees ons dat wanneer Isak Berseba toe trek hy baie onseker en bang voel, maar dat die Here dan aan hom verskyn en sê: "Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou seën en jou 'n groot nageslag gee ter wille van my dienaar Abraham." Dan lees ons dat Isak net daar 'n altaar bou en die Naam van die Here geroep. (Gen 26:23-25.) 'n Ander keer sê die Here in Rigters 6:23-24 vir Gideon voor 'n groot veldslag: "Wees gerus! Moenie bang wees nie! Jy sal nie sterf nie!" En weer hoor ons: Gideon het net daar 'n altaar vir die Here gebou en dit genoem: "Die Here gee rus!" Daarom is 'n altaar 'n simbool van hoop in onseker tye.

Ander kere bou mense 'n altaar as die Here hulle pas uit 'n penarie gered het. As Noag na baie ontberinge uiteindelik op Ararat land, lees ons in Genesis 8:20 "Toe het Noag 'n altaar vir die Here gebou en van al die rein vee en die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring." Moses bou 'n altaar toe die water uit die rots kom en hulle die geveg teen die Amalekiete wen. Ons lees: "Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: 'Die Here gee my die oorwinning.'" (Eks 17:15). Josua moet 12 klippe op die wal van die Jordaan laat pak om die 12 stamme te simboliseer en die gebeurtenis dat die Here die water van die Jordaan gestop het sodat die volk kon deurtrek.

Soms word 'n altaar gebou wanneer daar skuld is om te bely. Dawid kry die opdrag om 'n altaar te bou nadat hy sy sonde bely het (2 Sam 24:17-18).